*Historia* 52,2, November 2007, pp 125-149

# Die Bydrae van Karel Schoeman tot Geskiedskrywing oor die Kaapkolonie

***Pieter de Klerk en Johannes Haarhoff*** [*]

## Inleiding

Hoewel Karel Schoeman in die eerste plek vir sy literêre werk bekend is, is hy ook die outeur van ŉ groot aantal geskiedwerke en redakteur van verskeie bronnepublikasies.[1] Tog is daar nog baie min oor Schoeman as historikus geskryf.[2] Een van die redes waarom vakhistorici tot dusver nie baie aandag aan Schoeman se bydrae tot die geskiedskrywing gegee het nie, is waarskynlik omdat hy nie ŉ opgeleide historikus is nie. Hy het self van een van sy geskiedwerke geskryf: "soos vir beroepshistorici duidelik sal wees, is dit … nie die werk van ŉ historikus nie".[3] Die feit dat hy oor die algemeen min argiefnavorsing vir sy publikasies gedoen het, dra moontlik daartoe by dat hy in die oë van sommige historici nie as ŉ ware historikus gereken kan word nie. Schoeman was van 1978 tot sy

---

* Pieter de Klerk is professor in Geskiedenis aan die Vaaldriehoekkampus van die Noordwes-Universiteit. Johannes Haarhoff is professor in die Departement Siviele Ingenieurswetenskap aan die Universiteit van Johannesburg. Hy het ook nagraadse studie in Geskiedenis gedoen.

1. W. Burger en H. van Vuuren (reds.), *Sluiswagter by die Dam van Stemme; Beskouings oor die Werk van Karel Schoeman* (Protea Boekhuis, Pretoria, 2002), pp 354-383, bevat ŉ volledige lys van Schoeman se publikasies tot 2002. As in ag geneem word dat daar na 2002 nog verdere publikasies van hom verskyn het en dat die klassifikasie van sy werke in bepaalde afdelings in die lys enkele foute bevat, blyk dit dat hy 26 historiese en biografiese monografieë gelewer het, waarvan slegs enkele eerder in die kategorie van brosjures as boeke val. Verder was hy die redakteur en samesteller van 25 selfstandige bronnepublikasies. Hy het meer as ŉ honderd historiese artikels geskryf, waarvan die meeste in die kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek (amptelik bekend as *Quarterly Bulletin of the South African Library* en later as *Quarterly Bulletin of the National Library of South Africa*) verskyn het. Baie van hierdie artikels bestaan uit die publikasie van manuskripte of briewe met aantekeninge deur Schoeman en is dus ook bronnepublikasies.
2. H. Giliomee, "Karel Schoeman as Historikus", *in* Burger & Van Vuuren (reds.), *Sluiswagter by die Dam van Stemme*, pp 98-106, bespreek hoofsaaklik Schoeman se kommentaar op Giliomee se manuskrip wat later gepubliseer is as *The Afrikaners; Biography of a People* (Tafelberg, Cape Town, 2003) en bevat slegs enkele opmerkings oor die kenmerke van Schoeman se geskiedskrywing. Verder word daar hoofsaaklik net in boekresensies oor sy geskiedskywing gehandel.
3. K. Schoeman, *Dogter van Sion; Machtelt Smit en die 18de-eeuse Samelewing aan die Kaap, 1749-1799* (Human & Rousseau, Kaapstad, 1997), p 8.

aftrede in 1998 as bibliotekaris werksaam, eers in Bloemfontein en daarna in Kaapstad, waar hy argivaris van die toenmalige Suid-Afrikaanse Biblioteek was. Hy het sodoende toegang tot talle manuskripte en gepubliseerde oorspronklike bronne gehad, wat hoofsaaklik die basis vir sy navorsing vorm. Dit blyk ook uit sy historiese geskrifte dat hy baie noukeurig en krities met sy bronne omgaan en daar is in sy publikasies meesal deeglike bronverwysings en uitgebreide bronnelyste.

Sy werke voldoen dus ongetwyfeld aan die algemene vereistes van wetenskaplike geskiedskrywing. Hy het ook in akademiese kringe erkenning vir sy bydrae tot die geskiedskrywing gekry, onder meer deurdat die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1997 aan hom die Stalsprys vir Kultuurgeskiedenis toegeken het.[4]

Schoeman het in een van sy werke opgemerk dat hy oor ŉ aantal uiteenlopende onderwerpe geskryf het wat saam die hele moderne geskiedenis van Suid-Afrika, "van Van Riebeeck tot Thabo Mbeki", dek.[5] Sy werke handel egter hoofsaaklik oor die geskiedenis van Suid-Afrika voor 1900.[6] Sy professionele werksaamhede in Bloemfontein en daarna in Kaapstad het daartoe gelei dat hy veral oor die geskiedenis van die (destydse) Oranje-Vrystaat en die Kaapkolonie (van 1652 tot 1910) geskryf het. In hierdie artikel word slegs die werke wat oor aspekte van die Kaapse koloniale geskiedenis handel, van nader bekyk, veral met die doel om sy bydrae tot die geskiedskrywing van die Kaapkolonie te probeer bepaal.[7] Sy publikasies oor die Vrystaat regverdig ŉ aparte studie. Dit beteken nie dat sy werke net in hierdie twee afdelings

4. Burger & Van Vuuren (reds.), *Sluiswagter by die Dam van Stemme,* p 14.
5. K. Schoeman, *ŉ Duitser aan die Kaap, 1724-1765* (Protea Boekhuis, Pretoria, 2004), Voorwoord (bladsy ongenommerd). Vergelyk ook: K. Schoeman, *Die Laaste Afrikaanse Boek; Outobiografiese Aantekeninge* (Human & Rousseau, Kaapstad, 2002), pp 483, 617.
6. Naas Schoeman se *Bloemfontein; die Ontstaan van ŉ Stad, 1846-1946* (Human & Rousseau, Kaapstad, 1980), is dit hoofsaaklik in drie biografiese en outobiografiese monografieë waarin hy oor aspekte van die twintigste-eeuse geskiedenis handel: *Irma Stern; the Early Years, 1894-1933* (South African Library, Cape Town, 1994), *Merksteen; ŉ Dubbelbiografie* (Human & Rousseau, Kaapstad, 1998) en *Die Laaste Afrikaanse Boek.*
7. Hiermee word nie bedoel dat Schoeman se bydrae tot die geskiedenis van die Kaapkolonie reeds voltooi is nie. Daar verskyn nog gereeld publikasies van hom. In die voorwoord van sy *Kinders van die Kompanjie; Kaapse Lewens uit die Sewentiende Eeu* (Protea Boekhuis, Pretoria, 2006) meld Schoeman dat hy besig is met "ŉ groter werk oor die tydperk 1652-1707 … en wat in hoofsaak gaan oor die hoër amptenare van die VOC en die ontluikende vryburger-élite aan die Kaap". Hierdie artikel is reeds in Mei 2007 voltooi en daarom word latere publikasies nie daarin behandel nie.

ingedeel kan word nie. Soos verder uit hierdie artikel sal blyk, het Schoeman belangrike bydraes op verskillende terreine, waaronder sosiale en kulturele geskiedenis, streeksgeskiedenis, sendinggeskiedenis en vrouegeskiedenis, gelewer. Oor sy werke oor elkeen van hierdie temas kan en behoort verdere navorsing gedoen te word.

Alvorens Schoeman se studies oor die geskiedenis van die Kaapkolonie van nader bekyk word, word kortliks aandag gegee aan sy eie siening van sy historiese werk en ook aan die kommentaar wat ander historici oor sy geskiedwerke in die algemeen gelewer het. In die slotafdeling van die artikel word die kenmerke van Schoeman se geskiedskrywing, veral wat sy studies oor die geskiedenis van die Kaapkolonie betref, verder bespreek en saamgevat.

## Schoeman as historikus – enkele algemene opmerkings

Dat Schoeman se benadering tot die geskiedskrywing in belangrike mate verskil van die meeste hedendaagse historici, blyk onder meer daaruit dat hy nie geïnteresseerd is in besondere historiese vraagstukke, byvoorbeeld die invloed van slawerny op die vorming van die negentiende- en twintigste-eeuse samelewing, nie en ook nie daarin belangstel om kritiek op die interpretasies van ander historici te lewer nie. Hy verwys in sy boeke dikwels na ander skrywers, maar dui feitlik nooit aan as hy van ŉ skrywer verskil nie. Hy het trouens ŉ afkeer in debatte onder historici, en meen dat dit ŉ negatiewe invloed op die skryf van leesbare en goed samehangende geskiedwerke het.[8] Dit bring mee dat Schoeman se werk, ten minste op die oog af, los van huidige strominge in die geskiedskrywing staan.[9] Hoewel Schoeman se geskiedskrywing dus beslis verhalend en nie analities van aard is nie, beteken dit nie dat hy geskiedenis skryf sonder om vrae te stel nie. Dit is immers eie aan wetenskapsbeoefening en ook aan die geskiedskrywing om vrae te stel en probleme te identifiseer waarop daar deur wetenskaplike ondersoek antwoorde gevind moet word.[10] Dat Schoeman in sy historiese ondersoek

8. Giliomee, "Karel Schoeman as Historikus", p 102. Giliomee haal hier aan uit korrespondensie tussen hom en Schoeman.
9. In sy outobiografie, *Die Laaste Afrikaanse Boek,* verwys hy ook nie na historici wat ŉ besondere invloed op hom gehad het nie. Hy verklaar wel in ŉ onderhoud dat die neiging in die geskiedskrywing om meer aandag aan die gewone mens te gee, hom waarskynlik beïnvloed het. G. Olivier, "Onderhoud met Karel Schoeman", *in* Burger & Van Vuuren (reds.), *Sluiswagter by die Dam van Stemme,* p 26.
10. Vergelyk P. de Klerk, "Die Probleemstelling; Noodsaaklike Beginpunt van Historiese Navorsing?", *Historia*, 46, 2, 2001, pp 405-425.

ook uitgaan van vrae of probleme, blyk onder meer uit die voorwoord tot *Armosyn I.*[11] Hy skryf daar dat hy in sy studie wou weergee hoe dit was om in die beginjare van die Nederlandse vestiging aan die Kaap te lewe. Hy wou egter "meer doen as net beskrywe en verklaar, en ook redes gee en verklarende besonderhede verstrek".[12] Hy wou die vraag beantwoord waarom die Nederlanders aan die Kaap was en dit het hom al verder terug geneem, tot die eerste kontak tussen Europa en Asië. Soos die historikus P.H. Kapp dit stel, geskied verklaring by Schoeman "nie deur teoretisering nie, maar deur die verhaal in sy volle diepte te ontvou".[13]

Schoeman se metode van navorsing is dus nie wesenlik anders as dié van die meeste historici nie. Hy verklaar in die voorwoord tot verskeie van sy boeke dat die resultaat nie altyd was wat hy met die begin van sy ondersoek wou bereik nie. In die voorwoord tot *Only an Anguish to Live Here*, skryf hy dat hy aanvanklik net die briewe wat Olive Schreiner tydens die Anglo-Boereoorlog geskryf het, saam met ŉ inleiding wou uitgee en dat die inleiding toe tot ŉ boek gegroei het,[14] terwyl hy in *Dogter van Sion* meld dat wat aanvanklik "as ŉ eenvoudige biografie aangepak is, uitgegroei het tot ŉ soort ensiklopedie van die laat agttiende eeu aan die Kaap".[15] Dit beteken nie dat Schoeman se benadering as historikus planloos en sonder ŉ vooraf deurdagte raamwerk is nie; dit gebeur dikwels dat historici ŉ bepaalde projek aanpak en in die loop daarvan besluit om die hele opset te wysig.

Schoeman meen dat ŉ romanskrywer juis goed toegerus is om geskiedwerke te skryf. Na aanleiding daarvan dat historici gewoonlik sekere algemene kennis van ŉ onderwerp by ŉ leser veronderstel, of soms na ŉ gebeurtenis verwys wat eers later verder behandel word, merk Schoeman op dat geskiedenis aangebied moet "word en lees soos ŉ roman, dit wil sê die kohesie en konsekwensie van ŉ romanteks moet hê (en liefs ook die leesbaarheid)".[16] Elders skryf hy dat dit vir hom as romanskrywer belangrik is om te probeer vasstel "hoe die verlede fisiek ervaar is: die kers- of lamplig met sy flakkerende skadu's, die krakende plankvloer of die kenmerkende geur van misvloervertrekke, die geklop

---

11. K. Schoeman, *Armosyn van die Kaap; Voorspel tot Vestiging, 1415-1651* (Human & Rousseau, Kaapstad, 1999). Daar word verder na die boek as *Armosyn I* verwys.
12. Schoeman, *Armosyn I*, p 7.
13. Aangehaal deur Giliomee, "Karel Schoeman as Historikus", p 103.
14. K. Schoeman, *Only an Anguish to Live Here; Olive Scheiner and the Anglo-Boer War, 1899-1902* (Human & Rousseau, Cape Town, 1992), Introduction (page not numbered).
15. Schoeman, *Dogter van Sion*, p 8.
16. Aangehaal in Giliomee, "Karel Schoeman as Historikus", p 102.

van perdepote en gekraak en gerammel van ʼn perdekar". Hy wil die "tekstuur van die verlede" weergee, "*wie es wirklich gewesen,* in die frase van die Duitse historikus Ranke".[17] Hierdie beroemde woorde van die negentiende-eeuse historikus Leopold von Ranke (deur baie latere historici as die vader van die wetenskaplike geskiedskrywing bestempel) is al dikwels aangehaal, maar die woorde is ook dikwels uit verband geruk. Ranke skryf eintlik dat die historikus nie as regter of politieke leermeester wil optree nie, maar net wil aandui hoe dit werklik was.[18] Uit die woorde van Schoeman soos hierbo weergegee, blyk dit dat hy met "tekstuur van die verlede", die atmosfeer of gees van ʼn besondere tyd bedoel. Ranke en ander historici van sy tyd het dit beklemtoon dat ʼn mens jou in ʼn besondere tydperk moet probeer inleef en elke periode se eie styl, karakter en gees na vore moet probeer bring.[19] Hierdie beskouing kan nie losgemaak word van die geestestroming van die Romantiek wat in die vroeë negentiende eeu ʼn groot invloed op die geskiedkunde en die geesteswetenskappe in die algemeen gehad het nie, maar die meeste hedendaagse historici besef die gevaar daarvan om eietydse opvattinge en waardes in die verlede in te lees en poog dan ook om die besondere tydsgees van ʼn vroeëre periode te verstaan. Tog word ook aanvaar dat die historikus in sy vertolking van die verlede aan die hede gebonde bly[20] en dat daar dus altyd ʼn sterk element van subjektiwiteit in sy interpretasie van die leefwyse en lewensuitkyk van vroeëre samelewings is. Dit wil voorkom of Schoeman se strewe om soos ʼn romanskrywer geskiedenis te skryf, voortspruit uit ʼn beskouing wat wetenskaplike geskiedskrywing met die analitiese benadering in die geskiedskrywing vereenselwig.[21] Die hoofsaaklik verhalende benadering was nog altyd in die geskiedwetenskap aanwesig en daar is tans juis ʼn neiging onder historici om van die analitiese tradisie weg te beweeg.[22]

17. Schoeman, *Die Laaste Afrikaanse Boek*, p 529.
18. W. den Boer, F.W.N. Hugenholtz en T.J.G. Locher, *Gestalten der Geschiedenis in de Oudheid, Middeleeuwen en Nieuwe Tijd* (Fibula-Van Dishoeck, Haarlem, 1960), p 196.
19. Den Boer, Hugenholtz & Locher, *Gestalten der Geschiedenis,* p 192.
20. Vergelyk J.W.N. Tempelhoff, *Verhuidiglikte Verlede; die Hermeneutiese Verstaansmetode in die Geskiedenis* (Kleio, Vanderbijlpark, 2002), p 129.
21. Hierdie vermoede word versterk deur Schoeman se voorwoord tot sy werk *Armosyn van die Kaap; die Wêreld van ʼn Slavin, 1652-1733* (Human & Rousseau, Kaapstad, 2001 – hierna genoem *Armosyn II*). Daarin skryf Schoeman dat hy steeds "nie-fiksie probeer skryf asof dit fiksie is, met ander woorde, om dit ʼn leesbare, samehangende geheel te maak" (p 8). Dit behoort die ideaal van enige geskiedskrywer te wees om van sy werk ʼn leesbare samehangende geheel te maak en samehangendheid en leesbaarheid is nie algemeen aanvaarde kriteria om fiksie van nie-fiksie te onderskei nie.
22. Vergelyk Tempelhoff, *Verhuidiglikte Verlede*, p vii.

Hoewel resensente van Schoeman se boeke geen probleme ondervind het om vas te stel of hulle met ŉ wetenskaplike werk of ŉ roman te doen het nie, bestaan daar tog ŉ noue verband tussen Schoeman se romans en sy geskiedwerke. Schoeman wys self op die invloed wat sy studie oor die geskiedenis van die Roggeveld op sy roman *Hierdie Lewe*[23] gehad het.[24] Die navorsing wat hy vir *Dogter van Sion* gedoen het, is benut in sy roman *Verkenning*.[25] In die derde en laaste van sy historiese romans wat in die Kaapkolonie afspeel, *Verliesfontein*, [26] het hy waarskynlik gebruik gemaak van sy navorsing oor die geskiedenis van die Roggeveld en die Hantam en ook van sy studie oor die invloed van die Anglo-Boereoorlog op die Kaapkolonie, soos weergegee in sy werk *Only an Anguish to Live Here*. Romans en ander literêre werke kan ŉ belangrike bydrae tot ŉ beter begrip van ŉ historiese tydperk of gebeurtenis lewer, maar word gewoonlik nie as geskiedskrywing gereken nie, en die bydrae van hierdie werke tot die geskiedskrywing oor die Kaapkolonie word nie verder in die artikel bespreek nie.

Soos reeds in die inleiding gemeld en verder in die artikel ter sprake sal kom, het Schoeman weinig argivale navorsing vir sy werke gedoen. Dit beteken dat hy in verskeie gevalle nie alle beskikbare bronne wat gewoonlik as ŉ vereiste vir ŉ wetenskaplike geskiedwerk geld, benut het om ŉ geskiedwerk saam te stel nie. Vir feitlik al sy geskiedboeke sou argiefstudie moontlik gegewens aan die lig gebring het wat die volledigheid en die wetenskaplike waarde van sy werk sou verhoog het, maar in die meeste gevalle waarskynlik net in ŉ beperkte mate. Schoeman het oor die algemeen onderwerpe gekies waarvoor ŉ groot deel van die bronnemateriaal in biblioteke te vinde is. Dit is opvallend dat historici in resensies van sy boeke feitlik nêrens ŉ gebrek aan argivale studie as ŉ leemte in sy werk identifiseer nie, maar hom vir sy volledige navorsing prys[27] en meen dat hy sy gegewens op ŉ "meesterlike wyse" in sy studie aanwend.[28]

---

23. K. Schoeman, *Hierdie Lewe* (Human & Rousseau, Kaapstad, 1993).
24. Schoeman, *Die Laaste Afrikaanse Boek*, pp 545-549.
25. K. Schoeman, *Verkenning* (Human & Rousseau, Kaapstad, 1996). Vergelyk hieroor: H. Roos, "'Die vaslê en behou van wat hier gebeur het'; Vrouestemme in *Verkenning* en *Dogter van Sion*", *in* Burger & Van Vuuren (reds.), *Sluiswagter by die Dam van Stemme,* pp 305-320.
26. K. Schoeman, *Verliesfontein* (Human & Rousseau, Kaapstad, 1998).
27. E. Bell, Resensie van K. Schoeman, *Die Wêreld van die Digter; ŉ Boek oor Sutherland en die Roggeveld ter Ere van N.P. van Wyk Louw* (Human & Rousseau, Kaapstad, 1986), *Historia,* 31, 3, 1986, p 78; N. Penn, Resensie van Schoeman, *Die Wêreld van die Digter, Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal,* 18, 1986, p 256; M.J. Swart, Resensie van K. Schoeman, *Olive Schreiner; ŉ Lewe in Suid-Afrika, 1855-1881* (Human & Rousseau, Kaapstad,

Schoeman sien dit dan ook as een van sy oogmerke met sy geskiedskrywing om bronne wat nog nie deur historici benut is nie, te ontsluit en toeganklik vir die leser te maak. In sy werk by die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad het hy ervaar dat die manuskripversameling nie deur Suid-Afrikaanse historici benut word nie.[29] Hy wou ook met sy boeke aan die behoefte wat hy by "die nie-akademiese Afrikaner, die sogenaamde 'gewone leser'" na kennis oor die verlede bespeur het, voldoen[30] en, soos hy in die voorwoord tot *Dogter van Sion* verklaar, probeer om werke te skryf wat "so leesbaar en so aangrypend sal wees soos 'n roman".[31] Ter wille van sy strewe om leesbare werke te skryf, vermy hy die gebruik van abstrakte konsepte en akademiese terme.[32] Hoewel sommige resensente, juis na aanleiding van *Dogter van Sion,* meen dat Schoeman nie leesbaar genoeg skryf nie,[33] bestempel ander resensente van dieselfde boek Schoeman as "'n meesterlike hanteerder van die geskrewe woord" wat daarin "slaag om die leser enduit te boei".[34]

## Geskiedskrywing oor die Kaapkolonie gedurende die Kompanjiestyd

Schoeman is die outeur van drie boeke wat saam 'n geheelbeeld van die samelewing en kulturele lewe in die Kaapkolonie voor die einde van die agttiende eeu gee, naamlik: *Armosyn II,* wat handel oor die tydperk 1652-1733, *'n Duitser aan die Kaap,* oor die periode 1725-1765, en *Dogter van Sion,* oor die tydperk 1749-1799.[35] Alhoewel die titels van al

1989), *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* 4, 2, 1990, pp 116-117; R. Viljoen, Resensie van K. Schoeman, *Die Moord op Hesje van der Merwe, 19 Oktober 1837* (Die Hantam Huis, Calvinia, 1995), *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal,* 35, 1996, pp 253-255; H. Bredekamp, Resensie van K. Schoeman, *J.J. Kicherer en die Vroeë Sending, 1799-1806* (Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad, 1996), *Kronos*, 14, 1997, p 150; A. Wessels, "Nog 'n Meesterstuk van Schoeman; Blik op Veelbewoë Geskiedenis van SA in Gemaklike Skryftrant", *Volksblad*, 6 Maart 2000.

28. O. Geyser, "Keurige Publikasie Welkome Toevoeging tot die Geskiedskrywing", *Volksblad*, 2 Augustus 2004.
29. Schoeman, *Die Laaste Afrikaanse Boek*, p 617.
30. Schoeman, *Die Laaste Afrikaanse Boek*, p 617.
31. Schoeman, *Dogter van Sion*, p 8.
32. Giliomee, "Karel Schoeman as Historikus", p 102.
33. A. Bailey, Resensie van Schoeman, *Dogter van Sion*, *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 54, 1, 1998, p 56; J.J. Joubert, "Knap Nagevors, maar Helaas Ontoeganklik", *Beeld*, 20 April 1998.
34. D. Prinsloo, Resensie van Schoeman, *Dogter van Sion*, *Kleio*, 30, 1998, p 186. Vergelyk: H. Haasbroek, "Machtelt se Verhaal meer as net 'n Biografie; Kaapse Vroue en Slawe van die 18de Eeu in die Kollig", *Volksblad*, 14 Maart 1998.
35. Die boeke is nie in hierdie volgorde geskryf nie. *Dogter van Sion* het verskyn in 1997, *Armosyn II* in 2001 en *'n Duitser aan die Kaap* in 2004.

drie werke 'n mens laat vermoed dat hulle biografiese studies is, word die lewe van die drie persone, oor wie daar baie min gegewens bestaan, teen 'n baie breë agtergrond geskets en behoort die drie boeke in die eerste plek gesien te word as sintesewerke oor die vroeë geskiedenis van die Kaapkolonie.

*Armosyn II* is die tweede van twee volumes met as gesamentlike titel *Armosyn van die Kaap*. Die eerste volume, *Armosyn I,* verskaf 'n oorsig oor die ontstaan van die Europese seehandel met Afrika en die Ooste, die vroeë geskiedenis van die Nederlandse Verenigde Oos-Indiese Kompanjie en die samelewing in Nederland gedurende die sewentiende eeu. Dit is hoofsaaklik gebaseer op bronne wat Schoeman in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad kon gebruik[36] en dit sluit sowel gepubliseerde reisbeskrywings, dagboeke, ensovoorts, as 'n groot aantal sekondêre bronne in. Hoewel sy bronne-ondersoek nie op volledigheid kan aanspraak maak nie, ook nie wat die benutting van wetenskaplike studies oor aspekte van hierdie onderwerp betref nie, bied hy veral van die Nederlandse samelewing in al sy fasette 'n baie insiggewende beeld. Hy verskaf onder meer heelwat inligting oor die lewe van die laer klasse, waaruit die meeste Kaapse koloniste afkomstig was.[37] Soos Schoeman self verklaar, begin die koloniale geskiedenis nie in 1652 nie.[38] Hierdie werk bied dan ook agtergrondinligting waarop hy in *Armosyn II* voortbou. Daar het nog nie voorheen 'n boek verskyn waarvan die inhoud met hierdie een vergelykbaar is nie, en Schoeman het hiermee 'n besondere bydrae gelewer om ons kennis oor die agtergrondsgeskiedenis van die vestiging van die Nederlandse kolonie aan die Kaap te verbreed.

*Armosyn II,* wat 855 bladsye beslaan, is die omvangrykste van al Schoeman se geskiedwerke.[39] Hy verklaar self dat in sy poging "om die verlede met al sy veelvuldigheid as deurleefde eenheid aan te bied en die afsonderlike draadjies in hulle samehang as deel van die weefsel te toon,

---

36. Schoeman, *Armosyn I*, p 8.
37. A. Gagiano, "Schoeman and Slavery: *Armosyn van die Kaap. Voorspel tot Vestiging, 1415-1651", in* Burger & Van Vuuren (reds.), *Sluiswagter by die Dam van Stemme,* pp 110-111, wys tereg daarop dat Schoeman in sy hoofstuk oor die laer klasse of die "ongenoemdes" (*Armosyn II,* pp 239-269) meer oor die laer middelklas of klein burgery skryf, as oor die heel onderste laag van die bevolking. Dit is egter duidelik dat Schoeman soveel inligting as wat hy oor die armste en eenvoudigste deel van die Nederlandse samelewing kon verkry, weergee.
38. Schoeman, *Armosyn II*, p 10.
39. Schoeman se ander werke oor die Kompanjiestyd is eweneens lywige geskrifte. *Armosyn I* beslaan 314 bladsye, *'n Duitser aan die Kaap* 515, *Dogter van Sion* 410, en *Kinders van die Kompanjie* 592.

kon ek die gevaar van wydlopigheid nie vermy nie, en eerlik gesê het ek ook nie baie hard probeer nie".[40] Hy meen dat die boek gesien kan word as "'n ensiklopedie van die eerste tagtig jaar van blanke aanwesigheid aan die Kaap".[41] Dit kan as 'n oorsigswerk gereken word, maar is net soos sy ander boeke veel meer as 'n samevatting van meer gespesialiseerde historiese studies. Elke hoofstuk bevat 'n groot aantal bronverwysings en sowat die helfte van hierdie verwysings is na primêre bronne, insluitende gepubliseerde dokumente waarvan die oorspronklike weergawes in die Kaapse Argiefbewaarplek te vinde is, die dagregisters van die eerste twee kommandeurs en beskrywings deur vroeë besoekers aan die Kaap.

*Armosyn II* is ingedeel in negentien hoofstukke waarvan die meeste opskrifte dra soos "Die wêreld van die Kompanjie", "Die wêreld van die koloniste" en "Die wêreld van die slawe". In 'n hoofstuk oor die kompanjiesamptenare skryf hy onder meer oor hulle behuising en kleredrag, oor etiket, seremonies, die begunstiging van familie en die voorkoms van korrupsie. In 'n hoofstuk oor die daaglikse lewe van die koloniste, bespreek hy die algemene geletterdheidspeil, skole, taphuise, voorvalle van geweld, tronke, foltering, huise, huisraad, kleredrag en nog veel meer. Ook oor die slawe en hulle daaglikse lewe is daar baie inligting, hoewel die hoofstukke oor die slawe en die vryswartes, anders as wat die titel sou laat vermoed, slegs sowat 'n kwart van die teks beslaan. Oor die lewe van Armosyn van die Kaap self, word net in enkele bladsye geskryf. Dat Schoeman tog na die boek as 'n biografie verwys,[42] toon dat sy siening van wat 'n biografie behels, afwyk van die algemeen aanvaarde beskouing.

As die werk vergelyk word met ander studies van die sosiale en kulturele geskiedenis van die vroeë Kaapkolonie, bied Schoeman 'n meer omvattende oorsig van die leefwyse van die verskillende bevolkingsgroepe aan die Kaap as enige vroeëre werk. Die veel beknopter sintesewerk *The Shaping of South African Society*, wat bowendien oor die hele periode van 1652 tot 1840 handel,[43] het

40. Schoeman, *Armosyn II*, p 9.
41. Schoeman, *Armosyn II*, p 9.
42. Schoeman, *Armosyn II*, p 8.
43. R. Elphick and H. Giliomee (eds), *The Shaping of South African Society, 1652-1840* (Maskew Miller Longman, Cape Town, 1989). Die grootste deel van die Afrikaanse vertaling van hierdie boek is deur Schoeman gedoen. Die vertaling het verskyn as H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in Wording; Suid-Afrika, 1652-1840* (Maskew Miller Longman, Kaapstad, 1990). In sy *Die Laaste Afrikaanse Boek,* p 612, meld Schoeman dat hierdie vertaalwerk hom vir die eerste keer nader laat kennis maak het met die vroeë geskiedenis van die Kaapkolonie.

hoofsaaklik ŉ sosio-ekonomiese fokus en nie ŉ sosio-kulturele een soos *Armosyn II* nie. In eersgenoemde boek word die ontwikkeling van die Khoi-gemeenskappe deeglik behandel, ŉ onderwerp wat in Schoeman se studie net sydelings ter sprake kom. Biewenga se werk handel in ŉ groter mate as *The Shaping of South African Society* oor die kulturele lewe, maar fokus slegs op die periode 1680-1730; hy skryf ook hoofsaaklik oor die blanke koloniste, in besonder dié van die distrik Stellenbosch.[44] Oor die slawe het daar in die afgelope tyd ŉ groot aantal publikasies verskyn en bied Schoeman nie veel nuwe kennis nie. Hy gee egter ŉ baie duidelike en goed leesbare beskrywing. Die studie van Worden is waarskynlik nog die volledigste oorsig van slawerny in die Kompanjiestyd, hoewel Worden, anders as Schoeman, nie veel aandag aan die sewentiende-eeuse periode gee nie en op die agttiende eeu konsentreer.[45] Soos in sy oorsig oor die lewe van die koloniste, hou Schoeman hom in sy hoofstukke oor die slawe hoofsaaklik by die materiële kultuur en uiterlike aspekte van die leefwyse van die slawe en wy hy byvoorbeeld net enkele paragrawe aan die belangrike kwessie van die tale wat hulle gepraat het en die veranderinge wat daar in hierdie verband ingetree het.[46] Schoeman verskaf dan ook hoofsaaklik ŉ statiese beeld van die Kaapse samelewing en gee min aandag aan die veranderingsproses wat in die tagtig jaar na 1652 plaasgevind het.

Schoeman se oorsig van die vroeë Kaapse samelewing kan dus geensins as ŉ plaasvervanger vir die werke van Elphick, Giliomee, Biewenga, Worden en andere gesien word nie, en ook nie as ŉ nuwe interpretasie van die onderwerp nie, maar eerder as ŉ waardevolle aanvulling tot die geskiedskrywing oor hierdie periode. Meer as enige ander skrywer gee hy ŉ gedetailleerde beeld van die daaglikse lewe van die Kaapse koloniste, slawe en vryswartes. Dit mag voorkom of Schoeman soms te veel besonderhede verskaf, maar dit moet gesien word teen die agtergrond van sy oogmerk, soos hierbo aangedui, om die "tekstuur van die verlede" te probeer weergee en die beskrywing van fyn besonderhede kan gesien word as ŉ tegniek om by die leser iets van die atmosfeer van die tydperk op te roep. Hy behandel die leefwyse van die Kaapse inwoners in al die verskillende aspekte tog op ŉ sistematiese wyse en die leser sal nie sommer verdwaal raak in die massa inligting wat verstrek word nie. Met sy *Armosyn II* lewer hy dus ŉ belangrike nuwe

44. A.W. Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop; een Nederlandse Vestigingskolonie, 1680-1730* (Prometheus, Amsterdam, 1999).
45. N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa* (Cambridge University Press, Cambridge, 1985).
46. Schoeman, *Armosyn II*, pp 557, 625.

bydrae tot die geskiedskrywing oor die Kaapkolonie. Die werk is dan ook met die Louis Hiemstraprys, sowel as die Recht Malanprys bekroon.[47]

In die voorwoord tot *'n Duitser aan die Kaap* verklaar Schoeman dat sy oogmerk was om 'n "beeld te gee van die bestaan aan die Kaap gedurende die agttiende eeu met behulp van die inligting oor 'n enkele willekeurige individu (toevallig my stamvader)"[48] en die mense wat met hom in verband gestaan het. Later verklaar hy dat hy veral 'n "dwarsdeursnee wil gee van die blanke gemeenskap in die tweede kwart van die agttiende eeu". [49] Slegs vir gegewens oor stamvader Hendrik Schoeman het hy die argiewe benut; verder is weer gebruik gemaak van gepubliseerde werke, waarvan die meeste as primêre bronne beskou kan word. Schoeman se vertroudheid met al die vroeë werke wat in die biblioteke te vinde is, het hom gehelp om verbasend baie inligting te vind wat nog nie deur ander historici benut is nie. Schoeman wy net 'n hoofstuk aan die "Kaapse Vlek" en sy inwoners en hierdie beskrywing stem in baie opsigte met dié in *Armosyn II* ooreen. 'n Belangrike nuwe element is sy hoofstukke oor die Waverenvallei, die Overberg, Kogmanskloof en Kannaland, waarin ons baie oor die lewe van die mense in hierdie landstreke te wete kom. Dit gaan vir hom in die eerste plek om die blanke koloniste, en veral die veeboere, maar aan hulle botsings met die Khoi en die San word ook heelwat aandag gegee, en so ook aan die gevolge wat die blanke binnedringing van die binneland vir hierdie bevolkingsgroepe ingehou het. Met hierdie werk bied Schoeman 'n sintese van gegewens oor die samelewing in verskillende landstreke binne die Kaapkolonie gedurende die eerste helfte van die agttiende eeu, op 'n wyse wat nog nie deur 'n ander skrywer gedoen is nie. Met uitsondering van Appel se werk oor die distrik Oudtshoorn,[50] het niemand nog so uitgebreid oor die vroeë blanke boeregemeenskappe in die bogenoemde

47. Burger & Van Vuuren (reds.), *Sluiswagter by die Dam van Stemme*, p 14; *Beeld,* 20 Mei 2002. Daar het, sover vasgestel kan word, van *Armosyn I* en *II* wel resensies in koerante verskyn, maar geen bespreking in historiese vaktydskrifte nie. 'n Mens kan egter nie hieruit aflei dat historici die werk nie as belangrik genoeg vir 'n bespreking beskou het nie. Van Schoeman se ander werke het daar immers verskeie resensies in vaktydskrifte verskyn. Dit is egter 'n algemene gebruik by wetenskaplike tydskrifte om hoofsaaklik werke te resenseer waarvan 'n resensie-eksemplaar ontvang is, en dit wil voorkom of die uitgewer in gebreke gebly het om eksemplare van die twee bande aan die tydskrifte te stuur.
48. Schoeman, *'n Duitser aan die Kaap*, Voorwoord (bladsy ongenommerd).
49. Schoeman, *'n Duitser aan die Kaap*, p 192.
50. A. Appel, "Die Distrik Oudtshoorn tot die Tagtigerjare van die 19de eeu: 'n Sosio-ekonomiese Studie", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 51, 2 (Staatsdrukker, Pretoria,1988).

landstreke geskryf nie. *'n Duitser aan die Kaap* is daarom meer as 'n oorsigswerk; dit is ook 'n belangrike bydrae tot die streeksgeskiedenis.

Schoeman beskryf sy werk *Dogter van Sion* as "'n soort ensiklopedie van die laat agttiende eeu aan die Kaap".[51] Hy verklaar self dat dit 'n sintesewerk is wat hoofsaaklik berus op die navorsing van andere;[52] tog bevat die boek 'n groot aantal verwysing na gepubliseerde primêre bronne. Soos in *Armosyn II* behandel hy naas "die wêreld van die koloniste" ook "die wêreld van die slawe", hoewel hier net in 'n enkele hoofstuk. Verder wy Schoeman in hierdie boek, anders as in *Armosyn II,* verskeie hoofstukke aan godsdiens, kerk en sending. In sy behandeling van die koloniale samelewing skets hy 'n duidelike beeld van Kaapstad (of die Kaapse Vlek), soos dit in daardie tyd moes gelyk het. Hy skryf ook uitgebreid oor die koloniste se leefwyse en beskryf hulle huise, meubels, die soort maaltye wat genuttig is en geleenthede wat hulle daaglikse lewe geraak het, soos danse, begrafnisse, vendusies en wapenskoue. Ook die kunsmatige ekonomiese opbloei en sosiale swier van die laat agttiende eeu, toe na Kaapstad as Klein Parys verwys is, word behandel. Hy skenk verder heelwat aandag aan die rol van die vrou in die samelewing en gee onder meer die indrukke wat die Kaapse vroue op 'n hele aantal buitelandse besoekers gemaak het, weer. Hulle is oor die algemeen as oppervlakkig en minder verfynd as die Europese vroue beskryf.[53] In sy behandeling van die kerklike lewe fokus hy op sake soos die rol van sieketroosters en predikante, die aard van kerkdienste en die voorkoms van kerkloosheid, maar bespreek dan veral die opkoms van geestestrominge in Europa wat gelei het tot 'n sterk sendingbewussyn en die koms van sendelinge na die Kaap. Hy skryf uitvoerig oor predikante soos H.R. van Lier en M.C. Vos en die godsdiensherlewing aan die Kaap. Hiermee skets hy die agtergrond waarteen Machtelt Smit se sendingwerk beskou moet word, waaraan hy eintlik net in die laaste paar hoofstukke aandag gee.

Schoeman se beskrywing van die sosiale en kulturele lewe van die Kaapse koloniste gedurende die agttiende eeu is veel uitvoeriger as dié van C. Graham Botha[54] en van latere oorsigswerke soos *The Shaping of South African Society.* Soos in *Armosyn II*, probeer hy om met die

---

51. Schoeman, *Dogter van Sion*, p 8.
52. Schoeman, *Dogter van Sion*, p 8.
53. Schoeman, *Dogter van Sion*, pp 232-236.
54. C.G. Botha, *Social Life in the Cape Colony in the 18th Century* (Juta, Kaapstad, 1927), later herdruk in C.G. Botha, *General History and Social Life of the Cape of Good Hope* (Struik, Kaapstad, 1962).

besondere wyse waarop hy die samelewing in al sy aspekte behandel en sy verskaffing van klein besonderhede by die leser 'n beeld te vorm van die besondere lewenstyl van die samelewing aan die Kaap. Oor die sendingbeweging van die laat agttiende eeu is in verskeie werke gehandel, maar Schoeman verskaf 'n duidelike geheeloorsig en plaas dit binne die groter sosio-kulturele raamwerk. Dit is 'n belangrike nuwe sintesewerk oor die agttiende eeu, maar bevat tewens inligting oor verskeie sake wat nie in ander historiese studies voorkom nie, veral oor die rol van die vrou in die samelewing.[55]

Die drie boeke saam verskaf dus 'n baie volledige beeld van die sosiale en kulturele lewe van die Kaapse koloniste vanaf 1652 tot aan die einde van die agttiende eeu. Hy gee ook heelwat aandag aan die slawe en aan verhoudinge tussen die bevolkingsgroepe, hoewel hy nie werklik 'n geheeloorsig bied van die sosiale en kulturele lewe van al die inwoners van die Kaapkolonie in die Kompanjiestyd nie. Hy probeer egter geensins om die indruk te wek dat die Kaapse samelewing 'n hoofsaaklik blanke samelewing was, soos in ouer werke, byvoorbeeld dié van C.G. Botha die geval is nie. Hy toon telkens aan hoe die lewe van die blanke koloniste op allerlei wyses deur die aanwesigheid van ander groepe beïnvloed is.

Schoeman se mees onlangse werk, *Kinders van die Kompanjie*, is in verskillende opsigte 'n aanvulling tot *Armosyn II.* Die boek bestaan hoofsaaklik uit 'n aantal kort biografiese sketse, maar bevat ook hoofstukke oor onderwerpe soos drosterslawe, bandiete en bannelinge. In een van sy hoofstukke het hy, soos hy self aandui, sekere gedeeltes in *Armosyn II* herskryf en aangevul.[56] Terwyl hy in *Armosyn II* nie baie diep ingaan op die lotgevalle van die Khoi nie, is daar in hierdie boek vyf hoofstukke oor Khoi-leiers en die Khoi-vroue Krotoa en Sara; die feit dat die Khoi aan die Kaap al meer onder die invloed van die Kompanjiesbestuur gekom het, het hulle "'pleeg-' of 'stiefkinders' van die Kompanjie" gemaak.[57] Die invloed van die Nederlandse vestiging op die Khoi word dan ook in hierdie hoofstukke duidelik na vore gebring.

---

55. Vergelyk H. Bredekamp, Resensie van Schoeman, *Dogter van Sion, Kronos,* 25, 1998-1999, pp 311-313; P. de Beer, Resensie van Schoeman, *Dogter van Sion, Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* 12, 2, 1998, pp 122-123; N. Erlank, Resensie van *Dogter van Sion, Historia,* 46, 2, 2001, pp 543-546; Roos, "'Die vaslê en behou van wat hier gebeur het'; Vrouestemme in *Verkenning* en *Dogter van Sion*", pp 305-320.
56. Schoeman, *Kinders van die Kompanjie*, p 551.
57. Schoeman, *Kinders van die Kompanjie*, Voorwoord (bladsy ongenommerd).

Soos in sy ander biografiese studies die geval is, word daar in die biografiese opstelle in *Kinders van die Kompanjie* baie agtergrondinligting voorsien en lyk dit in enkele gevalle of hy ŉ skets as kapstok gebruik om uit te wei oor onderwerpe soos die Franse Hugenote en die invoer van slawe uit Madagaskar. Schoeman bied soms inligting waarvan hy die verband met die onderwerp bloot vermoed. Hy skryf byvoorbeeld oor die dogter van kommandeur Hubert Hugo van Mauritius, en verskaf dan later enkele gegewens oor ŉ Marie Hugo wat moontlik die kommandeursdogter is, maar moontlik net iemand met dieselfde naam; hy teken dit aan "as een van die verspreide skerwe en fragmente waarmee daar probeer moet word om die verre verlede te herskep".[58] Anders as in die oorgrote meerderheid van sy historiese geskrifte, is daar in die boek geen direkte bronverwysings nie, maar word die bronne wat vir elke hoofstuk gebruik is, aan die einde vermeld. ŉ Mens kry die indruk dat Schoeman se navorsing vir hierdie boek nie so deeglik as vir sy meeste ander geskiedwerke was nie.[59] Hy meld dat hy die lewensverhale van ŉ aantal persone in "redelik 'populêre' anekdotiese vorm" wou vertel[60] en het weer hoofsaaklik gepubliseerde bronne gebruik. ŉ Baie groot deel van die inligting wat Schoeman verskaf, is ook in ander historiese werke te vinde, maar nou vir die eerste keer in een boek byeengebring. Hoewel elkeen van die 35 hoofstukke van die boek oor ŉ aparte onderwerp handel en die hoofstukke nie direk by mekaar aansluit nie, verskaf *Kinders van die Kompanjie,* in sy geheel gesien, tog ŉ beeld van die eerste vyftig jaar van die Nederlandse kolonie aan die Kaap waarin die resultate van die nuutste navorsing verwerk is en is dit beslis van waarde om ons begrip van hierdie periode verder te verruim.

Die bronne-publikasie *Die Suidhoek van Afrika* is ŉ verdere waardevolle aanvulling tot sy geskrifte oor die Kompanjiestyd.[61] Hy het daarin ŉ aantal tekste, waaronder briewe en gedeeltes uit dagboeke en reisjoernale in Afrikaans vertaal en van aantekeninge voorsien. Dit is ŉ belangrike hulpmiddel om die kennis en insig van almal wat ŉ belangstelling in die vroeë Kaapse samelewing het, verder uit te brei.[62]

58. Schoeman, *Kinders van die Kompanjie*, p 276.
59. Schoeman meld self dat die boek "in ŉ kort tyd geskryf" is "onder taamlike druk". Schoeman, *Kinders van die Kompanjie,* p 545.
60. Schoeman, *Kinders van die Kompanjie*, Voorwoord (bladsy ongenommerd).
61. K. Schoeman (red.), *Die Suidhoek van Afrika; Geskrifte oor Suid-Afrika uit die Nederlandse Tyd, 1652-1806* (Protea Boekhuis, Pretoria, 2002).
62. Vergelyk: G. van der Westhuizen, "Schoeman Laat Gewone Lui van Weleer Leef", *Beeld*, 4 November 2002.

## Geskiedskrywing oor die Kaapkolonie in die negentiende eeu

Wat Schoeman se werke oor die negentiende-eeuse geskiedenis betref, is daar geen studies wat 'n oorsig bied oor die samelewing en kultuur in die Kaapkolonie gedurende 'n bepaalde tydperk nie. Schoeman het bydraes oor 'n verskeidenheid temas gelewer, waarvan die belangrikste op die terrein van die streeks- of plaaslike geskiedenis en sendinggeskiedenis is.

Verskeie van Schoeman se studies verskaf aan ons groter insig in die samelewing in verskillende streke en dorpe in die Kaapkolonie gedurende die negentiende eeu. Die vernaamste van hierdie werke is sy boek oor Sutherland en die Roggeveld.[63] Dit is hoofsaaklik die eerste honderd bladsye van die boek wat 'n oorsig gee van blanke vestiging in hierdie gebied vanaf die agttiende eeu. Hy toon aan dat die Roggeveld tot in die vroeë negentiende eeu 'n grensgebied van die kolonie was waar blanke veeboere en Khoisanstamme byna voortdurend met mekaar in botsing was. Hy skets die moeilike lewensomstandighede van die boere in die streek en beskryf die ontstaan en ontwikkeling van die dorp Sutherland. Hy skryf nie net oor die blankes nie, maar ook oor die bruinmense van die dorp en distrik, hoewel die gegewens wat hy oor hulle kon bekom, maar karig is. Hy bied 'n interessante blik op die sosiale en kulturele lewe van mense in 'n baie geïsoleerde deel van die Kaapse platteland wat geleidelik, veral na die ontdekking van diamante en die ontwikkeling van die vervoerwese, meer in die hoofstroom van die geskiedenis beland het.[64] Soos in sy ander werke is nie baie argiefnavorsing gedoen nie en is veral van gepubliseerde materiaal gebruik gemaak. Tog is die boek (wat heelwat illustrasies bevat) tot dusver die mees indringende studie van die Roggeveld en Sutherland gedurende die negentiende eeu. In die tweede helfte van die boek word oor die digter N.P. van Wyk Louw se voorouers en kinderjare geskryf, maar ook hierdie gedeelte bied insig in die blanke samelewing van die gebied gedurende die laat negentiende en vroeë twintigste eeu.

In sy kort monografie *Die Moord op Hesje van der Merwe* verskaf Schoeman waardevolle inligting oor die Hantamgebied in die vroeë negentiende eeu en die verhoudinge tussen die inwoners, veral blanke boere en bruinmense. Hy dui onder meer aan dat die latere rasseskeidslyne in daardie landstreek toe nog nie sterk aanwesig was nie.[65]

---

63. Schoeman, *Die Wêreld van die Digter.*
64. Penn, Resensie van Schoeman, *Die Wêreld van die Digter*, p 256; Bell, Resensie van Schoeman, *Die Wêreld van die Digter*, p 78.
65. Schoeman, *Die Moord op Hesje van der Merwe*, p 12; vergelyk: Viljoen, Resensie van Schoeman, *Die Moord op Hesje van der Merwe*, pp 253-255.

Schoeman se werk oor Olive Schreiner, wat byna 600 bladsye beslaan, is, anders as *Armosyn I* en *II* en *Dogter van Sion*, primêr ŉ biografie, hoewel dit ook in belangrike mate as ŉ studie in sosiale en kulturele geskiedenis beskou kan word.[66] Schreiner se vroeë jare word teen ŉ breë agtergrond behandel en die boek verskaf heelwat inligting oor die lewe op die Oos-Kaapse platteland in die tweede helfte van die negentiende eeu. Schoeman gee kort beskrywings van onder meer die Katriviernedersetting en Dordrecht,[67] en veral van Cradock en die sosiale en kulturele lewe op hierdie dorp.[68] Verder kom ons heelwat te wete omtrent die omstandighede op die diamantvelde en die lewe op die verskillende plase in die noordoostelike dele van die Kaapkolonie waar Schreiner as onderwyseres werksaam was. Die verhouding tussen die Engelssprekende en Afrikaanssprekende blankes, en ook, hoewel in mindere mate, tussen blank en swart in die dorpe en op die platteland van die Noordoos-Kaap, word onder meer belig.[69] *Only an Anguish to Live Here*, wat handel oor Olive Schreiner en die Anglo-Boereoorlog, bied ŉ interessante beskrywing van Hanover en van die lewensomstandighede op die dorp tydens die oorlog, ook tydens die agttien maande toe krygswet daar gegeld het.

Dit is dus die sosiale en kulturele lewe van hoofsaaklik die negentiende-eeuse blanke gemeenskappe in die Karoo, asook hulle verhoudinge met ander bevolkingsgroepe, wat in hierdie werke uitgebeeld word. Oor die geskiedenis van hierdie dorpe en distrikte het daar nog min wetenskaplike studies verskyn en bied Schoeman ŉ waardevolle bydrae.[70]

Soos in die vorige afdeling aangedui, skryf Schoeman in *Dogter van Sion* onder meer oor sendingwerk aan die Kaap in die laat agttiende eeu. Oor sendelinge en sendingwerk in die Kaapkolonie gedurende die

---

66. C. Clayton, "'A Case for the Indigenous': Olive Schreiner in South Africa", *South African Historical Journal*, 22, 1990, p 191.
67. Schoeman, *Olive Schreiner; ŉ Lewe in Suid-Afrika*, pp 127-131, 207-209.
68. Schoeman, *Olive Schreiner; ŉ Lewe in Suid-Afrika*, pp 155-171.
69. Vergelyk Clayton, "'A Case for the Indigenous': Olive Schreiner in South Africa", p 188; Swart, Resensie van Schoeman, *Olive Schreiner; ŉ Lewe in Suid-Afrika*, p 117. Schoeman bied in *Olive Schreiner, ŉ Lewe in Suid-Afrika,* pp 506-528, ŉ insiggewende bespreking van die verwesteringsproses onder die swart mense van die Oos-Kaap. Oor die Xhosasprekende inwoners van die Kaapkolonie handel hy verder feitlik nie in enige van sy geskiedwerke nie.
70. Daar het wel twee uitgebreide studies oor die geskiedenis van Graaff-Reinet en omgewing verskyn: K.W. Smith, *From Frontier to Midlands; a History of the Graaff-Reinet District, 1786-1910* (Rhodes University, Grahamstown, 1976); C.G. Henning, "A Cultural History of Graaff-Reinet, 1786-1886." DPhil proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1971.

vroeë negentiende eeu het hy ook ŉ hele aantal bydraes gelewer. Die belangrikste een is waarskynlik *J.J. Kicherer en die Vroeë Sending, 1799-1806,* ŉ boek van ongeveer 300 bladsye. Hoewel die figuur en aktiwiteite van Kicherer sentraal in die boek staan, gee Schoeman ook heelwat aandag aan die gemeenskappe onder wie hy gewerk het, veral die San, die Khoi en die sogenaamde Basters in die noordwestelike deel van die Kaapkolonie. Hy skryf insiggewend oor die bekeerde Khoi wat Kicherer op ŉ reis na Europa vergesel het en hulle probleme om hulle later in Graaff-Reinet in die hoofsaaklik blanke gemeenskap te vestig.[71] Schoeman het, soos in sy ander boeke, veral gepubliseerde verslae en reisbeskrywings gebruik, en uit hierdie tekste inligting verkry oor onderwerpe soos die funksionering van die sendingstasie Zakrivier, die sendelinge se opvoedingsmetodes en die verhouding tussen die verskillende sendelinge van die Londense Sendinggenootskap, wat nie in ander studies voorkom nie.[72]

ŉ Verdere werk van Schoeman oor die vroeë sending bevat sewentien biografiese opstelle, waarvan sommige reeds vroeër as artikels gepubliseer is.[73] Die boek handel veral oor sendelinge en sendinghelpers waaroor nie veel in ander geskiedwerke geskryf is nie, soos die twee Nederlanders Bastiaan Tromp en Hendrikus Maanenberg, maar ook Jan Goeyman, ŉ sendinghelper van Khoi-afkoms, Maart van Mosambiek, ŉ slaaf in diens van die Londense Sendinggenootskap en W.F. Corner, ŉ swart sendeling afkomstig van die Karibiese eilande. Ook is daar interessante gegewens oor Andries Waterboer, die latere hoof van ŉ onafhanklike Griekwastaat.[74] Schoeman het hoofsaaklik bronne wat vir hom in die Suid-Afrikaanse Biblioteek toeganklik was, gebruik en uit hierdie biografiese sketse blyk dit dat daar nog baie navorsing oor die vroeë tydperk in die sendinggeskiedenis gedoen kan word. Die hoofstukke staan op die oog af los van mekaar, maar as hulle saam gelees word, bied die boek tog ŉ nuwe perspektief op die vroeë sending en op die verhouding tussen die verskillende bevolkingsgroepe in die eerste

---

71. Schoeman, *J.J. Kicherer en dieVroeë Sending,* onder meer pp 153-154, 236-239.
72. Vergelyk Bredekamp, Resensie van Schoeman, *J.J. Kicherer en die Vroeë Sending*, pp 148-150; H. Heese, Resensie van Schoeman, *J.J. Kicherer en die Vroeë Sending*, *Historia*, 43, 1, 1998, pp 133-134.
73. K. Schoeman, *The Early Mission in South Africa / Die vroeë Sending in Suid-Afrika, 1799-1819* (Protea Book House, Pretoria, 2005).
74. Schoeman het heelwat navorsing oor die geskiedenis van die Griekwas, veral die Griekwa "kapteinskap" van Philippolis, gedoen. Dit het gelei tot twee bronnepublikasies en die geskiedwerk, *The Griqua Captaincy of Philippolis, 1826-1861* (Protea Book House, Pretoria, 2002). Omdat hierdie studie meer te make het met die geskiedenis van die Vrystaat as met dié van die Kaapkolonie, word dit nie hier bespreek nie.

twee dekades van die negentiende eeu.[75] Verder word die rol van mense van slawe- en Khoi-afkoms in die vroeë sendingwerk van die Londense Sendinggenootskap sterker na vore gebring as wat in ander studies die geval is.[76]

In die eerste hoofstukke van *Die Wêreld van Susanna Smit* skryf Schoeman oor die omstandighede op die sendingstasie Bethelsdorp in die vroeë negentiende eeu, die verhouding tussen die sendelinge en die boeregemeenskap van die omgewing en die sendingloopbaan van Erasmus Smit.[77] Smit het onder meer 'n aantal maande op die sendingstasie Toornberg (naby die huidige Colesberg) gewerk. Schoeman het verdere navorsing oor die werksaamhede van die Londense Sendinggenootskap onder die San by Toornberg en ander sendingstasies gedoen, waarvan die resultaat in 'n reeks artikels saamgevat is.[78] Hierbenewens het hy 'n kort monografie oor die sendinghelper Ann Hamilton en die sendingstasie Nuwe Lattakoo of Maropeng naby die huidige Kuruman geskryf.[79]

Daar het onlangs 'n studie verskyn waarin 'n omvattende beeld van die sending in hoofsaaklik die Oos-Kaap gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu verskaf word.[80] Daarin word, naas baie ander

75. Vergelyk L. Kriel, Resensie van *The Early Mission*, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 19, 2, 2005, pp 220-222; A. Kirkaldy, Resensie van *The Early Mission*, *Historia*, 51, 2, 2006, pp 227-242.
76. R. Viljoen, Resensie van *The Early Mission, South African Historical Journal*, 55, 2006, p 231.
77. K. Schoeman, *Die Wêreld van Susanna Smit, 1799-1863* (Human & Rousseau, Kaapstad, 1995), pp 15-88.
78. K. Schoeman, "Die Londense Sendinggenootskap en die San: die Stasies Toornberg en Hephzibah, 1814-1818", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 28, 1993, pp 221-234; K. Schoeman, "Die Londense Sendinggenootskap en die San: die Stasies Ramah, Konnah en Philippolis, 1816-1828", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 29, 1993, pp 132-152; K. Schoeman, "Die Londense Sendinggenootskap en die San: die Stasie Boesmanskool en die Einde van die Sending, 1828-1833", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 30, 1994, pp 85-97. Die meeste van hierdie sendingstasies was noord van die Oranjerivier, in die gebied van die latere Oranje-Vrystaat geleë.
79. K. Schoeman, *A Thorn Bush that Grows in the Path'; the Missionary Career of Ann Hamilton, 1815-1823* (South African Library, Cape Town, 1995). Hierdie sendingstasie was buite die grense van die Kaapkolonie geleë en is in 1824 na Seodin, ook naby Kuruman, verskuif. Kuruman en omliggende gebied is in 1895 as deel van Brits-Betsjoeanaland by die Kaapkolonie ingelyf.
80. E. Elbourne, *Blood Ground; Colonialism, Missions, and the Contest for Christianity in the Cape Colony and Britain, 1799-1853* (McGill-Queen's University Press, Montreal, 2002).

bronne, van Schoeman se vroeëre geskrifte oor die sending gebruik gemaak. Die skrywer , E. Elbourne, ondersoek verskillende vraagstukke, soos hoe die bekering van die Khoi tot die Christendom, magsverhoudinge tussen die verskillende groepe in die kolonie geraak het en hoe die Khoi die Christendom gebruik het om aspekte van kolonialisme te beveg. Schoeman is nie in hierdie breër vraagstukke geïnteresseerd nie, maar skryf insiggewend oor die lotgevalle van ŉ sendingstasie soos Zakrivier en oor eenvoudige sendinghelpers waarvan net enkele deur Elbourne genoem word. Hoewel Schoeman ook aandag gee aan die uitwerking wat sendingwerk op die Khoi gehad het, is dit hoofsaaklik in sy behandeling van die lewe en werk van Kicherer en van minder bekende sendelinge en sendinghelpers wat Schoeman ŉ belangrike bydrae tot die geskiedenis van die vroeë sending aan die Kaap maak. Geen ander werk bied, sover nagegaan kon word, soveel insig in die lewensomstandighede van die vroeë negentiende-eeuse sendelinge nie.[81]

Aansluitend tot sy navorsing oor die vroeë sending in die Kaapkolonie, het Schoeman ŉ studie van godsdienstige geskrifte deur Kaapse vroue, van die middel van die agttiende eeu tot die laat negentiende eeu, gemaak.[82] Hy meen dat hierdie geskrifte as die begin van die Suid-Afrikaanse letterkunde gesien kan word. Uit sy analise van hierdie werke kom hy tot die slotsom dat die vroue soms godsdiens en sending gebruik het as "regverdiging vir bedrywighede wat deur die manswêreld van hulle tyd" as ongeoorloof beskou sou word.[83] Die plek van die blanke vrou in die Kaapse samelewing, waaraan Schoeman al in *Dogter van Sion* aandag gegee het, word in hierdie studie verder bekyk. Ook in ŉ reeks kort biografieë van ŉ aantal vroue wat hoofsaaklik in die negentiende eeu geleef het, word die posisie van die vrou in die samelewing nagegaan.[84] Hy skryf onder andere oor Maria Hamman (1832-1877), wie se lewe hy as tipies van ŉ blanke vrou in die middel van die negentiende eeu beskou: "sy het niks 'gedoen' en niks gepresteer nie;

81. Vergelyk G. Groenewald, Resensie van *The Early Mission*, *Kleio*, 38, 1, 2006, pp 120-121.
82. K. Schoeman, "Vroeë Geskrifte deur Suid-Afrikaanse Vroue, 1749-1865", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 36, 1997, pp 24-47.
83. Schoeman, "Vroeë Geskrifte deur Suid-Afrikaanse Vroue", p 45.
84. K. Schoeman, "Seven Women; a Series of Biographies", *Quarterly Bulletin of the National Library of South Africa*, 55, 2, 2000, pp 51-67; *Quarterly Bulletin ...*, 55, 3, 2000, pp 103-113; *Quarterly Bulletin ...*, 55, 4, 2001, pp 179-188; *Quarterly Bulletin ...*, 56, 1, 2001, pp 31-44; *Quarterly Bulletin ...*, 56, 2, 2001, pp 79-86; *Quarterly Bulletin ...*, 56, 3, 2002, pp 123-137; *Quarterly Bulletin ...*, 56, 4, 2002, pp 172-187.

sy het eenvoudig geléwe".[85] Schoeman is besonder geïnteresseerd in aspekte soos persoonlike frustrasies en lyding, soos dit uit hierdie vroue se dagboeke en ander outobiografiese geskrifte blyk. In ŉ reeks van twee artikels oor kindersterftes in die negentiende eeu, soos opgeteken in tekste geskryf deur ouers en ander familielede, toon hy onder meer aan dat daar by kinders van daardie tyd ŉ sterk skuld- en sondebesef aanwesig was.[86] Schoeman bied met hierdie studies ŉ nuwe bydrae tot die geskiedskrywing. Sover vasgestel kon word, is daar in geen ander wetenskaplike werk so intensief oor die godsdienstige lewe van veral blanke vroue en kinders in die negentiende-eeuse Kaapkolonie geskryf nie.

Schoeman het ook navorsing gedoen oor vroue wat ŉ rol in die openbare lewe gespeel het of ŉ waardevolle bydrae op kultuurgebied gemaak het. Sy belangrikste studies op hierdie terrein is die twee werke oor Olive Schreiner, een van die vernaamste literêre figure wat Suid-Afrika opgelewer het. In sy uitgebreide boek oor Schreiner se lewe voor 1881 plaas hy haar en haar vroeë prosawerke in ŉ historiese konteks.[87] Die agtergrond waarteen haar bekendste werk, *The Story of an African Farm*[88] tot stand gekom het, word deeglik behandel en bespreek en, al sal literêre historici seker nie met al sy afleidings saamstem nie, bly Schoeman se boek die omvangrykste studie wat nog oor Schreiner en haar literêre werk verskyn het. Dit is ook in Engels vertaal[89] en waarskynlik Schoeman se belangrikste wetenskaplike geskrif wat toeganklik vir ŉ internasionale leserspubliek is. In *Only an Anguish to Live Here* word veral gefokus op Schreiner as kampvegter vir die Boere tydens die oorlog van 1899-1902. Ook oor haar familielede Ettie Stakesby-Lewis en Katie Stuart, wat albei in openbare optredes die Britse kant in die oorlog verdedig het, word in hierdie werk en in ŉ latere artikel[90] geskryf. In ŉ bronnepublikasie, voorsien van ŉ uitgebreide inleiding, verskaf Schoeman nuwe kennis oor Lucy Lloyd, kenner van die

---

85. Schoeman, "Seven Women: a Series of Biographies", *Quarterly Bulletin of the National Library of South Africa*, 55, 2, 2000, p 65.
86. K. Schoeman, "'Vergaderde Leliën': Tien Kindersterftes uit die Negentiende Eeu", *Quarterly Bulletin of the National Library of South Africa*, 57, 1, 2002, pp 26-36; *Quarterly Bulletin ...*, 57(2), 2003, pp 85-96.
87. Vergelyk: Swart, Resensie van Schoeman, *Olive Schreiner; ŉ Lewe in Suid-Afrika,* p 116.
88. R. Iron (skuilnaam van O. Schreiner), *The Story of an African Farm* (Hutchinson, London, 1883).
89. K. Schoeman, *Olive Schreiner; a Woman in South Africa* (Jonathan Ball, Johannesburg, 1991).
90. Schoeman, "Seven Women: a Series of Biographies", *Quarterly Bulletin of the National Library of South Africa*, 56, 3, 2002, pp 123-137.

Sankultuur en een van die min vroue in die negentiende-eeuse Kaapkolonie wat as ŉ wetenskaplike beskryf sou kon word.[91]

Schoeman het verder ŉ hele aantal kort bydraes oor allerlei aspekte van die negentiende-eeuse Kaapse geskiedenis gelewer. Sy oorsig oor eietydse bronne oor die Bataafse periode in die Kaapkolonie,[92] sy artikel oor die dood van Abraham Esau tydens die Anglo-Boereoorlog,[93] en sy studie van negentiende-eeuse Nederlandse immigrasie na die kolonie[94] is veral vermeldenswaardig. Dan is daar nog die bronnepublikasie *The Face of the Country*, waarin Schoeman 273 foto's uit die argief van die Suid-Afrikaanse Biblioteek versamel en van onderskrifte voorsien het.[95] Dit bevat foto's van enkelinge, egpare en gesinne uit alle bevolkingsgroepe, en ook van dorps- en plaastonele, waarmee hy aan ons die geleentheid bied om ons kennis van die sosiale en kulturele lewe in die Kaapkolonie nog verder te verryk.[96]

Terwyl Schoeman met sy werke oor die Kompanjiestyd ŉ geheelbeeld van die samelewing en kultuur van die kolonie gedurende die hele eerste eeu en ŉ half van die bestaan daarvan bied, is sy studies oor die negentiende eeu meer gefragmenteerd en veral aanvullend tot die groot aantal gesaghebbende werke wat reeds oor die meeste aspekte van die koloniale geskiedenis bestaan. Sy werk vul tog belangrike leemtes, al is dit net gedeeltelik, veral ten opsigte van die sosiale en kulturele geskiedenis van besondere streke, dorpe en die vroeë sendinggeskiedenis. Verskeie van sy studies kan beskou word as baanbrekerswerk wat die weg vir verdere navorsing aandui.

---

91. K. Schoeman (ed), *A Debt of Gratitude Lucy Lloyd and the Bushman Work' of G.W. Stow* (South African Library, Cape Town, 1997). Vergelyk: J. du Bruyn, Resensie van Schoeman, *A Debt of gratitude*, *Kleio*, 30, 1998, pp 182-184.
92. K. Schoeman, "Die Kort Bataafse Era aan die Kaap, 18-3-1806 – ŉ Oorsig van Eietydse Bronne", *Quarterly Bulletin of the South African Library*, 52, 4, 1998, pp 162-181.
93. K. Schoeman, "Die Dood van Abraham Esau: Ooggetuieberigte uit die Besette Calvinia, 1901", *Quarterly Bulletin of the South African Library*, 40, 1985-1986, pp 56-66.
94. Schoeman, *Merksteen*, pp 138-179.
95. K. Schoeman (ed), *The Face of the Country; a South African Family Album, 1860-1910* (Human & Rousseau, Cape Town, 1996).
96. Vergelyk: S. Dubow, Resensie van Schoeman, *The Face of the Country*, *Journal of Southern African Studies*, 25, 1999, pp 315-316; P. Hayes, Resensie van Schoeman, *The Face of the Country*, *Journal of African History*, 39, 1998, pp 168-170.

## Slotbeskouing

Schoeman se bydrae tot die geskiedskrywing oor die Kaapkolonie is tweeledig. Eerstens bied hy 'n nuwe sintese van veral die sosio-kulturele geskiedenis van die Kaapkolonie in die Kompanjiestyd. Tweedens het hy studies oor 'n verskeidenheid onderwerpe gedoen waaroor daar vroeër min of geen wetenskaplike werk gelewer is nie. Hierdie onderwerpe dek 'n wye spektrum: sosiale, kulturele, literêre, godsdiens-, en plaaslike geskiedenis. Hy is veral geïnteresseerd in die lewe van gewone mense, maar tog ook in figure wat 'n belangrike rol in die openbare lewe gespeel, of 'n besondere bydrae op veral kulturele gebied gelewer het. Sy biografiese studies van wisselende lengte oor 'n groot aantal persone, dra tot ons kennis van die lewe van die gewone inwoners, maar ook van verskeie belangrike historiese figure by. Oor die ekonomiese en politieke aspekte van die geskiedenis skryf hy nie baie nie. Slegs enkele studies, naamlik *Only an Anguish to Live Here,* waarin heelwat oor openbare toesprake en veldtogte vir en teen die Boere tydens die Anglo-Boereoorlog geskryf word, en kort biografiese opstelle oor figure soos Zacharias Wagenaer en Rijckloff van Goens in *Kinders van die Kompanjie,* val grotendeels in die kategorie van politieke geskiedenis.

Schoeman se besondere skryfstyl en veral die skryftegniek wat hy aanwend om by sy lesers 'n beeld van die atmosfeer van vroeëre tydperke en die lewenstyl van vroeëre samelewings te vorm, kan as 'n verdere bydrae tot die geskiedskrywing gereken word. Soos in bo gemeld, is nie al die resensente van Schoeman se geskiedwerke van mening dat hy baie leesbaar en eenvoudig skryf nie, maar het ander groot lof vir die hoë gehalte van sy prosa. Sy vermyding van ingewikkelde terminologie maak sy werke tog veel toeganskliker vir die gewone leser as die geskrifte van baie ander geskiedskrywers. Ook het waarskynlik nie alle historici groot waardering vir Schoeman se pogings om, soos hy dit noem, die tekstuur van die verlede weer te gee nie. Deur bepaalde besonderhede te beklemtoon en ander weg te laat, gee hy onvermydelik sy eie aanvoeling of ervaring van die atmosfeer van die tydperke waaroor hy skryf, weer. Aangesien ander wetenskaplike skrywers oor die geskiedenis van die Kaapkolonie hulle nie op die weergee van lewenstyl en tydsgees toegespits het nie, kan nie veel vergelyking gedoen word om te bepaal in hoeverre Schoeman se interpretasie met dié van ander historici ooreenkom nie. 'n Ondersoek wat meer spesifiek op Schoeman se werkwyse om die "tekstuur van die verlede" weer te gee, gerig is, is nodig om die waarde van Schoeman se bydrae in hierdie verband beter te bepaal. Uit die bespreking van sy werke hierbo blyk dit dat hierdie werkwyse veral in *Armosyn II*, *Dogter van Sion* en *Olive Schreiner*

gevolg is. Dit kan nie sonder meer as ŉ algemene kenmerk van sy geskiedwerke beskou word nie.

Waar die klem in die geskiedskrywing oor Suid-Afrika, en ook oor die Kaapkolonie, tans veral op die inheemse Khoisan, bantoesprekende inwoners en slawe val, asook op verhoudings tussen die verskillende rasse en bevolkingsgroepe, staan die blanke inwoners van die Kaapkolonie sentraal in Schoeman se geskiedskrywing. Hy gee verder heelwat aandag aan die slawe en die Khoisan en hulle verhouding met die blanke koloniste. Tog, soos hy in een van sy werke verklaar, is dit "die tema van die oorgang van Europa na Afrika …, die proses van konfrontasie, verkenning en geleidelike aanpassing en aanvaarding" wat hom veral aantrek.[97] Dit word as ŉ hooftema in sy literêre werk geïdentifiseer. In verskillende van sy romans is daar ŉ tweespalt wat herlei kan word na die "onvermydelike vervreemding van en tegelyk aansluiting by twee wêrelde, in Schoeman se oeuvre verteenwoordig deur respektiewelik Afrika en Europa".[98]

ŉ Mens sou kon sê dat die Westerse kolonisasie van Suid-Afrika nog ŉ sentrale tema in Schoeman se geskiedskrywing is. Hy verheerlik nie hierdie kolonisasieproses, soos in vroeë geskiedwerke oor Suid-Afrika dikwels die geval is nie, maar hy sien dit ook nie hoofsaaklik negatief, as ŉ proses van onderdrukking en uitbuiting, soos in baie resente werke gebeur nie. Hy probeer die proses slegs verstaan en beskryf en om die invloed daarvan op sowel die koloniste as die gekoloniseerdes weer te gee.[99]

Schoeman is wars van teoretisering en ideologisering van die geskiedenis[100] en staan sterk krities teenoor Afrikaanse historici wat die geskiedenis van die Vrystaat volgens hulle eie nasionalistiese ideologie probeer omvorm het.[101] Hy besef die gevare daarvan om ŉ hedendaagse perspektief op die verlede te projekteer en, soos reeds hierbo aangedui, probeer hy hom in die besondere omstandighede en atmosfeer van

97. Schoeman, *Armosyn II*, p 7.
98. G.A. Jooste, "Karel Schoeman (1939- )", *in* H.P. van Coller (red.), *Perspektief en Profiel; ŉ Afrikaanse Literatuurgeskiedenis* II (Van Schaik, Pretoria, 1999), p 553.
99. Gagiano, "Schoeman and Slavery: *Armosyn van die Kaap. Voorspel tot Vestiging, 1415-1651*", pp 111-112, meen tog dat Schoeman in *Armosyn I* té positief oor die Nederlanders se prestasies in die vestiging van hulle handelsryk skryf en nie genoeg oor die negatiewe uitwerking wat hulle optrede op die gekoloniseerde groepe gehad het nie.
100. Giliomee, "Karel Schoeman as Historikus", p 102.
101. Schoeman, *Die Laaste Afrikaanse Boek*, p 487.

vroeëre tydperke inleef. Hy skryf byvoorbeeld dat die lede van die Nasionale Konvensie van 1908-1909 produkte van hulle samelewing was en dus "die swartes se strewe net so min ernstig [kon] opneem as wat hulle kon vlieg".[102] Schoeman se eie geskiedbeskouing kom in baie opsigte met die negentiende-eeuse en vroeg twintigste-eeuse historisme, soos dit in die werk van Ranke en van die twee bekende kultuurhistorici Jacob Burckhardt en Johan Huizinga na vore kom, ooreen.

Hoewel die Afrikaans-nasionalistiese element wat by baie twintigste-eeuse Afrikaanse geskiedskrywers voorkom, by Schoeman ontbreek en hy, anders as die meeste Afrikaanse historici, nie in politieke temas geïnteresseerd is nie, sluit sy benadering tog by die twintigste-eeuse Afrikaanse geskiedskrywing wat sterk deur die Duitse hermeneutiese tradisie beïnvloed is, aan.[103] Aan die ander kant toon sy werk ook groot ooreenkomste met twintigste-eeuse strominge in die geskiedskrywing waarin veral aandag gegee word aan die daaglikse lewe van gewone mense, soos die geval is by die Franse Annalesskool, sommige skrywers met 'n Marxistiese benadering, en die Duitse Alltagsgeschichte-beweging.[104] Suid-Afrikaanse historici het al heelwat oor die gewone lewe van die swart bevolking en die slawe, maar betreklik min oor die daaglikse lewe van die Europese koloniste en hulle afstammelinge geskryf. In hierdie opsig vul Schoeman dus 'n belangrike leemte. Geen ander historikus het die samelewing en kultuur van die blanke inwoners van die Kaapkolonie, veral wat die sewentiende en agttiende eeue betref, so volledig te boek gestel nie. Hy het 'n baie groot bydrae tot die geskiedskrywing oor die Kaapkolonie gelewer.

## Opsomming

Karel Schoeman is veral bekend as romanskrywer, maar is ook die outeur van talle wetenskaplike geskiedwerke, waarvan die meeste oor die Kaapkolonie en Oranje-Vrystaat voor 1900 handel. Hy het veral bronne gebruik wat in die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika beskikbaar is en nog nie voldoende deur ander historici benut is nie. Hy bied 'n uitgebreide oorsig van die sosiale en kulturele geskiedenis van die Kaapkolonie gedurende die eerste 150-jaar van die bestaan daarvan. Hierin gee hy

102. Aangehaal *in* Giliomee, "Karel Schoeman as Historikus", p 101.
103. Vergelyk P.H. Kapp, "Kontinentale Kontak en Invloed op die Afrikaanse Geskiedbeoefening", *Historia*, 45, 2, pp 411-437.
104. Vergelyk F.A. van Jaarsveld, *Westerse Historiografie en Geskiedenisfilosofie* (HAUM, Pretoria, 1980), veral pp 69-94; E. Breisach, *Historiography, Ancient, Medieval and Modern* (University of Chicago Press, Chicago, 1994), veral pp 355, 370-376, 397.

heelwat aandag aan die rol van slawe in die vroeë Kaapse samelewing en die verhouding tussen die koloniste en die Khoi. Hy konsentreer egter veral op die geskiedenis van die koloniste en gee 'n meer volledige oorsig van hulle sosiale en kulturele lewe as enige ander historikus. Hy het verder belangrike bydraes gelewer oor onder meer die vroeë negentiende-eeuse sending, die geskiedenis van verskeie streke en dorpe in die Kaapkolonie en die plek van die vrou in die Kaapse samelewing.

**Abstract**

**The Contribution of Karel Schoeman to Historiography of the Cape Colony**

Karel Schoeman is well-known as a novelist, but is also the author of a large number of historical studies, the majority of which deal with the history of the Cape Colony and the Orange Free State before 1900. His publications are, to a large extent, based on sources that are available in the National Library of South Africa and have to date been underutilised by other historians. He presents an extensive overview of the social and cultural history of the Cape Colony during the first 150 years of its existence. In this overview he deals with the role of slaves in early Cape society and the relations between the settlers and the Khoi. However, he concentrates mainly on the history of the settlers, and provides a more comprehensive account of their social and cultural life than any other historian. He has also made important contributions to, *inter alia*, early nineteenth century missionary history, the history of a number of regions and towns in the Cape Colony and the place of women in Cape society.

**Sleutelwoorde**

Geskiedskrywing; Kaapkolonie; Karel Schoeman; kultuurgeskiedenis; Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie; sendinggeskiedenis; sosiale geskiedenis; streeksgeskiedenis.

**Key words**

Cape Colony; cultural history; Dutch East India Company; historiography; Karel Schoeman; missionary history; regional history; social history.